Dagboek

- **Bellville:** Sosiaal verkeer – 7 Julie. Kontak Werensche by ☎ 074 323 1234.
- **Berg en Dal:** Bonniedale-dagstappe – 15 tot 17 Julie. Bel Mike by ☎ 071 104 9877.
- **Bergklub van SA (Paarl/Wellington Afd.):** Blokhuiskop, Silwermyn – 8 Julie. Gr. 2B. Kontak Pandora Reinecke by ☎ 788 5186
- **Bergklub van SA (Stellenbosch Afd.):** Sosiale funksie – 13 Julie. Kontak Peet Badenhorst by peet.badenhorst@gmail.com; Duiwelspiek, Tafelberg – 14 Julie. Bespreek voor 12 Julie by Paul Verhoeven by ☎ 887 4113 (n.u.)
- **Cumhike:** Steenbergpiek, Silwermyn – 8 Julie. Gr. 3B. Bel Albertus Ziervogel by ☎ 082 551 1847; Silwermynstroom – 15 Julie. Gr. 2A. Bel Mark Hawthorne by ☎ 781 0463 of 076 671 5586.
- **Gantouw:** Vriende van Helderberg, Wespiek – 14 Julie. Gr. 3C. Bel Don Reid by ☎ 072 270 7972.
- **Meridian:** Spilhaus Ridge – 7 Julie. Kontak Sam G by ☎ 082 498 0361; Avontuurroete – 8 Julie. Kontak Ken Greaves by hadeda7@telkomsa.net of ☎ 082 337 0277.
- **Paarl:** Duiwelspiek – Knife's edge – 14 Julie. Gr. 3C. Bel Nicky Lombard by ☎ 558 9959.
- **Peninsula Ramblers:** "Woodcutter"-roete, Nuwelandbos – 7 Julie. Gr. Matig. Bel Glenda Doller by ☎ 685 6888 of 078 292 2477; Fernkloof, Hermanus – 8 Julie. Gr. Matig. Bespreek teen 6 Julie by Gill Gimberg by ☎ 084 683 6230 of ggimberg@gmail.com.
- **Sanlam:** Klubaand – 5 Julie. Bespreek by Ilse Marais by ☎ 082 377 4584 of ilse.marais@sanlam.co.za; Rheebokskloof – 14 Julie. Bespreek nou by Marius le Roux by ☎ 082 870 8520.
- **Stellenbosch:** Orangekloof/Disa Gorge – 14 Julie. Gr. 2B. Skakel Erica Vink by ☎ 788 7977 of 082 319 6197 of vir nader inligting www.stb-voetslaan.co.za.
- **Tirmanmak:** Nursery Ravyn – 8 Julie. Gr. Moeilik. Bel Leslie by ☎ 788 7486.
- **Voetslaan 55:** Vlakkenberg – Constantianek, Houtbaai – 7 Julie. Gr. 2B. Bel Neels Derrenberg by ☎ 939 7934 of 084 400 0185.
- **Vriende van Leeukop:** Tokai na Olifantsoog – 7 Julie. Gr. Matig na moeilik. Kontak John Wilson by ☎ 461 2082.
- **Visrivier, Namibië:** 27 Aug. tot 4 Sept. Indien u belangstel om saam te stap, kontak vroegtydig vir Wilhelm Saayman by ☎ 079 441 1308.

■ Stuur inligting per e-pos na Lena Haggard mhhaggard@telkomsa.net of bel Lena by ☎ 863 4356.

WEN WEN WEN
'n Leser kan Hi-Tec V-lite Altitude Ultra Wpi-stapskoene wen. "Watter tegnologie is 'n aanduiding van die vervaardigingstegniek wat die skoene so lig maak?" SMS jou antwoord (R2 per SMS) na 34588. Inskrywings sluit op 30 Julie.

■ Mei se wenner is Elize Lötter van Mosselbaai.

Lees in Dagboek hoe jy kan help om watervoëls te tel by die Botriviermond.

Voëlkyk
- **Kleinmond:** Die Tygerbergvoëlklub besoek Saterdag die Botriviervlei om die watervoëls te tel. Kontak Mariana Delport as jy wil saamgaan by ☎ 021 919 2282 of 082 460 4847. E-pos: md@cape-eco-tours.co.za

COUGAR-NAVORSING

Amerikaanse bergleeu baie soos Kaapse luiperd

Die Kaapse luiperdnavorser dr. Quinton Martins het Amerika onlangs besoek om meer te gaan leer van die Amerikaanse bergleeu of cougar, skryf Eben Human.

Die Kaapse luiperdnavorser dr. Quinton Martins by 'n bergleeu terwyl hy onlangs by Amerikaanse navorsers gaan leer het in Kalifornië en Nevada. Die konflik tussen wilde diere en die mens geniet daar baie aandag. Foto's: VERSKAF

Die Amerikaanse navorser Alyson Andreasen (links) van die Universiteit van Reno in Nevada by 'n bergleeu. Sy en haar man, Jake Willers, doen saam navorsing oor hul bewegings.

Die Amerikaanse voskat (bobcat), wie se gewoontes baie ooreenstem met dié van ons eie rooikat.

Die Amerikaanse bergleeu (*Puma concolor*) is in die volksmond waarskynlik beter bekend as cougars of poemas. Hulle lyk baie soos wyfieleeus, maar hulle is meer 'n dier soos die luiperd wat jy ook in die Bolandse berge vind.

Dit was dan ook die rede hoekom Martins meer van die bergleeus wou leer wat nog in die berge en woude aan die westekant van Noord-Amerika, asook Suid-Amerika, voorkom.

Bergleeus weeg tot 80 kg en meer. Luiperds weeg ook min of meer dieselfde. Die wat Martins in die Sederberge bestudeer het, was die helfte ligter en daar is voorheen bespiegel dat hulle dalk 'n subspesie kon wees.

In Martins se studies het die mannetjies gemiddeld 35 kg geweeg en die wyfies 'n skrale 21 kg.

"Luiperds is in die algemeen bonkiger en baie meer aggressief. Toe ek saam met Amerikaanse navorser 'n bergleeu in 'n vanghok gevind het, het die dier net een kyk gegee en toe verder aan sy aas gevreet," het Martins vertel.

Daar is maar eers in 2002 die eerste keer 'n bergleeu in die Santa Monicas gevang vir navorsingsdoeleindes. Sedertdien is 21 met nekbande voorsien.

Dit is maar dieselfde met luiperds in ons berge. Die laaste jare het Martins en sy navorsingspan met die hulp van nekbande met satellietsenders en strik-kameras baie ontdek oor die luiperds se bewegings in veral die Sederberge.

Soos die bergleeus beweeg luiperds hoofsaaklik in die nag en word selde gesien.

Die Sederberge en Bolandse berge raak al meer klein eilande wat omring word deur stedelike en landbou-ontwikkeling en dit is dan ook die rede waarom iemand soos Martins met groot belangstelling kyk wat die Amerikaanse navorsers doen.

Die kans vir konflik tussen wilde diere en mense, hul vee en troeteldiere kan in die toekoms net al groter raak.

Luiperds het voorheen ook in die Skiereiland voorgekom. Hulle het verdwyn en die rooikat is nou die belangrikste roofdier in die Tafelberg Nasionale Park – iets waarvan mense dalk in die toekoms al meer bewus sal raak.

Tans is dit die bobbejane wat aandag trek. Daar is reeds 'n veldtog om mense te probeer keer om hulle te skiet.

As jy Martins oor die bobbejane van die Skiereiland vra, sê hy: "Ek kry hierdie diere baie jammer. Dit gaan moeilik wees om oplossings vir hulle te vind in 'n stedelike gebied."

> **"Die kans vir konflik tussen wilde diere en mense, hul vee en troeteldiere kan net al groter raak.**

Die Amerikaanse voskat of bobcat (*Lynx rufus*) is 'n dier baie soos ons eie rooikat en Martins het met sy besoek meer oor hulle gaan leer.

Die Amerikaners se navorsing is al baie gevorderd. Hulle kyk baie na die diere se genetiese samestelling en maak ook 'n studie van die invloed van gifstowwe op die diere. "Dit is aspekte wat ons ook nog meer kan navors," het Martins gesê.

Die bergleeu is net soos die luiperd baie aanpasbaar. In die Santa Monicas-gebied sal hulle wildsbokke as prooi benut.

Martins het ook 'n gebied in Nevada besoek. Hier was dit interessant om te sien dat wilde perde en hul jong vullens die bergleeus se hoofprooi is.

Een van die groot probleme vir die Amerikaanse roofdiere is die groot snelweë wat jy veral in 'n staat soos Kalifornië kry. 'n Bergleeu sal dit glad nie waag oor so 'n snelweg nie.

'n Genetiese ontleding van 'n bergleeu wat op 22 Mei in Santa Monica geskiet is, het getoon dat die wyfie verwant was aan 'n bergleeu wat voorheen baie ver van Los Angeles in 'n ander gebied gevind is.

Daar word nog vir bewyse gesoek dat bergleeus dit soms oor snelweë sal waag. Hulle bly onopsigtelik en die meeste stadsbewoners is salig onbewus van hierdie diere in hul nabyheid.

Jeannie Hayward en Anita Meyer wat saam met Martins vir die Cape Leopard Trust werk, het sedert 2010 reeds vyftig luiperds in die Bolandse berge gevind. Volgens hul studie lyk dit of die N1 deur Du Toitskloof soos 'n natuurlike grens is waaroor die luiperds dit nie maklik waag nie.

Martins het bande met die Amerikaners gesmee en een van hul navorsers gaan in Augustus luiperds kom help vang in die Bolandse berge. Van hierdie luiperds gaan satellietsenders kry en dan sal daar vinniger inligting ingesamel kan word oor hul bewegings.

Dis 'n ondersoek wat interessante resultate kan lewer en baie meer lig kan werp op die bewegings van die Bolandse luiperds.

Bronne: www.urbancarnivores.com en http://capeleopard.org.za